Oggenddiens
2 Mei 2010

Lees: Mat. 26: 36-46
Teks: Mat. 26: 38-39
Sing: 1. Ps. 48: 1 en 4 (T)
2. Sb. 14-2: 1 en 2
3. Ps. 25: 2 en 4 (TT)
4. Ps. 134: 4 (T)
5. Sb. 2-4: 1 en 3

Die doop, ja, elke doop, herinner ons as't ware aan drie tuine waarvan ons in die Bybel lees, liewe gemeente. *Die tuin van Getsemane staan in die sentrum en is die heel belangrikste, anders sou die Paradys vir ons geen moontlikheid gewees het nie.*

Ons almal ken die tragiese gebeurtenis in die tuin van Eden waar die eerste mense geleef het. 'n Baie besonderse tuin wat die Here self geskep het met alles daarin wat die mens nodig het. **Wonderskoon om te sien.** ***Perfek in harmonie geskep.*** **Die mens en God in die volmaakte liefdesverhouding.**

- Met God se wil wat gedoen en uitgeleef moes word – met die toets van die boom die middel van die tuin. *Daarvan mag jy nie eet nie, anders sterf jy.* Heel eenvoudig en die mens geskep in die vermoë om voluit aan God gehoorsaam te kan wees.

Maar helaas, die mens swig voor God se vyand en doen wat nie mag nie. God se wil word opsy geskuif en die mens se wil kry eerste prioriteit. ***Die mens moet sterf, want dit is wat God uitgespreek het as straf oor ongehoorsaam wees aan Hom. En as verdere straf, word die mens uit die tuin van Eden weggejaag, geliefdes, om met moeite elders op die aarde – en later die hele aarde – 'n bestaan te maak.***

God, so leer ons, tree in sy genade in ter wille van die mensdom en beloof 'n Messias. Deel van sy belofte word die verbond wat Hy eers met Abraham sluit en later herbevestig aan verskeie mense. Die verbond word met 'n teken ter wille van die mens vasgemaak – die besnydenis.

- *Die Messias sou in die plek van die mens die straf en toorn van God dra en so sy skuld voor God kom delg.*

In die gelese gedeelte hoor ons die Messias, Jesus Christus, in die tuin van Getsemane – biddend en worstelend. **Hy staan op die vooraand van die klimaks van sy aardse lyding en hel.** *Hy bid dat die beker van lyding by Hom moet verbygaan, want Hy is benoud tot die dood toe. En soos verklaarders uitwys, gaan sy pyn veral oor die wete dat Hy van sy Vader geskei gaan word – verlaat gaan word en dit weet ons het aan die kruis gebeur.* ***Hy is doodsbenoud omdat Hy 'n ganse mensdom se sonde op Hom moet neem om daarvoor te betaal om ware verlossing te bewerk.***

En skielik hoor ons ook in die tuin weer iets van die wil van God. Jesus na sy mensheid pleit dat die beker by Hom sal verbygaan – en dit drie maal. **Maar dan vra Hy daarmee saam dat God se wil sal geskied.** Anders as met Adam en Eva in die tuin van Eden, is die wil van God en gehoorsaam daaraan wees, vir Jesus ononderhandelbaar. Soos sy 33 jaar op gewys het, doen Hy

in alles net die wil van sy Vader en bly Hy selfs in die donkerste ure van sy lewe daaraan voluit gehoorsaam.

Hy het soveel geleenthede gehad, liewe lidmate, om maar sy eie wil te doen. Daar was die versoekinge in die woestyn. *Daar was die talle kere wat die mense hulle rug op Hom gedraai het, Hom in die steek gelaat het; Hom weggejaag het, Hom verneder het – soveel so dat Hy hulle maklik maar aan hulle eie lot kon oorlaat.*

- Maar nee, God se wil bly vir Hom prioriteit. En al word sy sweet soos druppels van bloed, vra Hy dat sy Vader se wil sal geskied.
- En weet julle, as Adam en Eva maar net die wil van die Vader gedoen het, dan was die tuin van Getsemane nie eens nodig nie. **Jesus beleef die doodsbenoudheid omdat mense die Drie-Enige God waarvan Jesus deel is, die rug toekeer.**

En so tragies, die drie belangrike persone in Jesus se lewe, die drie apostels van sy binnekring, word simbool van hoe die mens is. *Hulle slaap en kan in hulleself nie eens Jesus ondersteun in sy doodsbenoud wees nie. Wys eintlik maar net: ons verdien van Jesus se offer net mooi niks nie.* **Jesus se lyding word verskerp daarin dat HY al hoe meer op Homself aangewys is en van die hulp en bystand van die Heilige Gees afhanklik raak. Van mense kon Hy niks verwag nie.**

- En nie lank na die slaap van die apostels in die tuin van Getsemane nie, liewe gemeente, word Jesus gevange geneem en Johannes en Jakobus (wat gesê het sal sy lydingsbeker drink – Mat. 20: 22) verdwyn van die toneel af. Petrus wat Jesus een kant toe groep het en gesê dat dit nie sal gebeur dat Hy sal sterf nie (Mat. 16: 22), verloën Jesus nadat hy deur 'n ander van sy apostels verraai is.

Maar ondanks al die teleurstellings – ook my en jou dinge wat ons elke dag doen waardeur ons Jesus teleurstel en waarvan God (daarom Jesus reeds in die tuin van Getsemane geweet het en oor doodsbenoud was) – vra Jesus dat God se wil sal geskied – en dit het. **Hy moes elke druppel van daardie beker drink – tot die deur God verlaat word en wees!**

En dit is juis hierdie gehoorsaam wees in elkeen van ons se plek – ook die twee seuntjies wat vanoggend gedoop gaan word – wat maak dat die derde tuin weer binne ons bereik gekom het. Die tuin van die hemelse Paradys. *Die tuin waar God alles en* in alles en almal gaan wees. ***Die tuin waar net God se wil in volle glorie sal heers en voluit gehoorsaam sal word.***

En die tuin is vir mense bestem. Oopgemaak, nadat dit vir die mensdom gesluit was deur die sondeval, deur Jesus Christus en dit vir elkeen wat aan Hom behoort. Mense wat deur Hom bevry is van die juk van sonde, die toorn en straf van God. ***Mense wat onder leiding van die Heilige Gees in die geloof Jesus as enigste Verlosser erken, bely en aanvaar.***

- Dit is mense wat waarlik hulle sonde besef en ken en daaroor diepe hartseer beleef. Wat besef dat hulle sonder die werk van Jesus verlore is en bly. ***Mense wat erns maak met hulle verbond met God en daarom die doop in groot dankbaarheid koester!***

Want, na die tuin van Eden se hartseer verhaal, geliefdes, gee God 'n teken van bloed aan die mens om te herinner aan sy liefdesverhouding met God. As teken om te herinner dat God se wil gesoek moet word in ruil vir God se liefde en genade en sorg.

- Na die tuin van Getsemane en Golgota, kry die mens 'n bloedlose teken wat herinner aan Jesus se bloed waarmee die mens vrygekoop is. 'n Teken wat die mens moet aanspoor om erns te maak met sy/haar liefdesverhouding met God Drie-Enig.

En soos ons leer uit die optrede en swakheid van die drie apostels saam met Jesus in die tuin van Getsemane, word ons opgeskerp om werklik geestelik wakker en waaksaam te wees. *Word ons daarop gewys dat ons nie geestelik slap kan wees of aan die slaap kan raak nie.* **Want die vyand waarmee ons te doen het en die gevolge wat satan laat losbreek het, doodsbenoudheid as resultaat het.**

En na die tuin van Getsemane en waar ons op pad is na die tuin van die hemelse Paradys, is ons diep bewus van die besonderse van God ons hemelse Vader se liefde en genade vir ons. En dit word in die doop aan ons bevestig en verseker. *Selfs aan klein babatjies wat daar niks van verstaan nie. Nie dat ons sekerlik iets van die wonder van God se liefde vir sondaarmense en sy genade openbaring in Jesus Christus kan verstaan nie.*

Daarom geliefdes, so sal ons netnou weer in die formulier hoor, word die doop 'n teken waaraan dankbaar vasgehou kan en moet word. 'n Oproep om nie ligtelik oor sonde te dink of wanneer ons val in die sonde te bly lê nie. **Die doop herinner ons daagliks aan dit wat in die tuin van Getsemane en daarna gebeur het en van Jesus wat God se wil voluit gehoorsaam het in jou en my plek.** ***Herinner dat ons eintlik vir die sonde dood is en moet wees.*** Herinner dat ons onder leiding van die Gees, biddend moet waak tot eer van God en ons Verlosser Jesus Christus en sonde uit ons lewe moet wegkeer. Herinner ons dat ons in Christus nuwe mense is wat dankbaar en diensbaar voor Hom moet lewe.

Juis daarom moet ons die doopbelofte wat ons ter wille van ons kinders doen, met die regte aandag, liefde en harde werk uitvoer en elke kind leer wat hulle reeds met God het en in Hom deur Jesus is.

Ja, moet ons mekaar en ons kinders leer en herinner: ***al is ons saam met Adam en Eva uit die tuin van Eden weggejaag en dat ons dit verdien het, het Jesus die smarte van die tuin van Getsemane in ons plek deurstaan, sodat die tuin van die hemelse Paradys weer voor ons oopstaan – en dit verdien ons nie, maar word uit genade aan ons geskenk.***

Waak en bid, want elke uur staan die vyand met sy verleiding voor ons!

Amen.
Ds Piet Fanoy